

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!

Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 50: Ki Tavo – Wanneer Jy Binnegaan

Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly..... Deut. 26:1 – PWL¹

Torah : Deut. 26:1 tot 29:8.

Haftorah: Jes. 60:1 tot 22.

Nuwe Verbond: Luk. 6:38; Luk. 21:1 tot 4; 2 Kor. 9:1 tot 15; 1 Tim. 5:17 en 18; Matt. 5:17 tot 19; Joh. 14:15; Rom. 3:31; Rom. 7:12 en 14; 1 Joh. 2:3 tot 6; Open. 12:17; Open. 14:12; Open. 22:14; Matt. 5:16; Joh. 17:11 en 14; Fil. 2:15; Titus 2:14; 1 Pet. 2:9 en 12; Rom. 1:18; 2:6 tot 11; 2 Kor. 5:10; Open. 20:11 tot 15; Open. 22:11 tot 15.

Vorige notas vir Parashah 50 kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182

We're all born with a desire to defend ourselves. And if you insist upon defending yourself, God will let you do it. But if you turn the defence of yourself over to God He will defend you.
– A.W. Tozer.

God is jealous of His glory and He will not give His glory to another. He will not even share His glory with another. It is quite natural, I should say, for people to hope that maybe their Christian service will give them a chance to display their talents. True, they want to serve the Lord. But they also want other people to now they are serving the Lord. They want to have a reputation among the saints. That is very dangerous ground – seeking a reputation among the saints. It's bad enough to seek a reputation in the world, but it's worse to seek a reputation among the people of God. Our Lord gave up His reputation, and so must we. – A.W. Tozer.

The devil's not fighting churches today; he's joining churches – Vance Havner.

¹Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahstudie was die fokus op verhoudinge. Eerstens op die verhouding in die huwelik, die gesin en die familie en tweedens, verhoudinge met medemens.

Alle huwelike, gesinne en families, asook die samelewing se voorspoedige en veilige voortbestaan, is afhanklik van wedersydse vertrouwe en respek. Dit het alles te doen met die opdrag dat jy en ek ons medemens lief moet hê soos onself (Deut. 19:18; Luk. 10:27). ‘n Samelewing waar almal die sekerheid kan hê dat elkeen sal omsien na die ander se belange is die vervolmaking (vervulling) van die wet van liefde vir jou naaste, want die liefde doen die naaste geen kwaad nie (Rom. 13:10).

‘n Samelewing se voorspoedige en veilige voortbestaan, is dus slegs moontlik deur ware liefde vir יהוה-God en vir medemens. Die bewys van ware liefde vir God is gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is en in die nuwe verbond uiteengesit word. Naasteliefde is die mees tasbare bewys dat jy en ek erns het om יהוה se Torah te onderhou, en dit begin met die tien gebooie, naamlik om al tien, en veral die vierde gebod van die Shabbat, te gehoorsaam!!

‘n Nuttige kort (13 minute) videolering om vir Christene te wys wat nie die Shabbat onderhou nie, is die van Lex Meyer: “Should Christians keep the Sabbath or Sunday?” wat beskikbaar is by: <https://www.youtube.com/watch?v=3RX9lZjaWI0>.

Ons Keuse

Hierdie week se Torahskriflesing gaan ook oor die keuse wat elkeen het, naamlik: Gaan ek die beste van my lewe en materiële seëninge aan Vader-God gee terwyl ek Sy Koninkryk in besit neem? Dit is waarvan die “eersteling van al die vrugte” volgens Deut. 26:1-2 ‘n sinnebeeld is!

¹ Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly

² dat jy van die eersteling van al die vrugte van die grond wat jy inbring uit jou land wat יהוה, jou God, jou gee, moet vat en dit in ‘n mandjie sit en jy moet gaan na die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig.

Hierdie Torahbeginsel geld steeds in die nuwe verbond! Die Afgesonderde Gees sal elkeen ook neem na die plek wat God sal kies om Sy Karakter en Outoriteit daar te vestig! Dit is die plek waar elkeen ‘n bydrae maak om יהוה se Koninkryk in besit te neem. Daar kan jy en ek ook getuig dat יהוה ons uit die sondeslawerny van “Egipte” bevry het en ons na “hierdie plek” gebring het. Dit is die geestelike betekenis wat Deut. 26:8-10 ons leer.

⁸ en יהוה het ons uit Mitzrayim uitgelei deur ‘n magtige hand en ‘n uitgestrekte arm, deur groot angswekkende dae en deur tekens en wonders

⁹ en Hy het ons na hierdie plek gebring en ons hierdie land gegee, ‘n land wat vloei met melk en heuning.

¹⁰ Nou, let op, ek het die eersteling van die vrugte van die land wat U, יהוה, my gegee het, gebring.’ Dan moet jy dit neersit voor יהוה, jou God en jou neerbuig voor יהוה, jou God

Om die beste van jou lewe en materiële seëninge vir יהוה te gee, is om te getuig van dankbaarheid en gehoorsaamheid, asook vertrou dat Vader-God deur Sy onverdiende guns in Yeshua jou Voorsiener (יהוה-Yireh) was en steeds is!

Laat ons gebed met die lees van hierdie week se Torahskriflesing ook wees:

Gee my 'n hart om te verstaan, en oë om te sien, en ore om te hoor!

Laat my toe om te eet van U Torah en dat dit in my mond sal wees soos heuning so soet.

Yom Teruah of Rosh HaShanah.

Met die lees van hierdie Torahskriflesing nader ons vinnig die einde van die jaarlikse leessiklus, asook die laaste van die jaarlikse Vasgestelde Tye (Feestye) van יהוה, naamlik die Fees van Trompette (die Fees van Basuin, *Yom Teruah, Rosh HaShannah*), die Dag van Versoening (Dag van Toedekking; *Yom Kippur*), die Fees van Tabernakels (*Sukkot*) en die Agste Dag (*Shemini Atzeret*). Hierdie Vasgestelde Tye dien as herinnering aan die wederkoms van Yeshua ons Meester. Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges die profetiese betekenis van hierdie laaste afspraak van יהוה moet gedenk en verstaan.

Soos Yisra'el van ouds die land Kena'an in besit moes neem, moet ons die Koninkryk van God in besit neem. Yisra'el sou slegs Kena'an in besit kon neem indien hulle die Torah van Mosheh gehoorsaam sou wees! Net so sal ons slegs God se Koninkryk in besit kan neem deur gehoorsaamheid aan יהוה se Torah soos dit Yeshua vervolmaak is.

Daarom geld hierdie woorde van Mosheh aan Yisra'el ook vir ons vandag:

16 Vandag beveel יהוה, jou God, jou om hierdie reëls en wette na te kom. Jy moet daarom versigtig wees om hulle met jou hele verstand, wil en emosie en jou hele gees en lewe te doen.

17 Jy het vandag verklaar dat יהוה jou God is en dat jy in Sy paaie sal loop en Sy reëls, opdragte en wette sal gehoorsaam en na Sy stem sal luister en dit doen. Deut. 26:16-17.

Indien ons verklaar dat יהוה ons God is moet ons versigtig wees om al יהוה se onderrig en instruksies soos dit in Yeshua vervolmaak is met ons hele verstand, wil en emosie te gehoorsaam. יהוה se Vasgestelde Tye is deel hiervan. Ons moet egter seker maak dat ons nie die leerstellings van mense gehoorsaam nie, maar slegs die onderrig en instruksies van יהוה! Dit geld ook ten opsigte van יהוה se Vasgestelde Tye.

Daar is baie meningsverskille oor die kalender wat in die tyd van Mosheh gebruik was en daarom is daar vandag verkillende kalenders en gevolglik verskille oor die datums wat die Vasgestelde Tye gedenk moet word.² Die doel is nie om hierdie verskille hier te bespreek nie, maar wel die vraag of die Fees van Trompette (*Yom Teruah*) as *Rosh HaShanah* gedenk moet word? Die vraag is dus of *Rosh HaShanah* in die Torah van יהוה gevind word?

Soos reeds genoem is die Vasgestelde Tyd van Trompette ook bekend as die Fees van die Basuin, die Fees van Shofar en in Hebreeus as *Yom Teruah*. Hoewel daar meestal van die Fees van Trompette gepraat word, is dit meer korrek om te verwys na die Fees van Shofar, want dit was die ramshoring (*shofar*, basuin) wat op hierdie gedenkdag geblaas word. Dit is 'n gedenkdag deur basuingeklank, naamlik die blaas van die shofar. Hoewel daar nie gesê word wat gedenk moet word nie, is hierdie dag bekend as die Fees van Shofar (Basuine, Trompette). Die opdrag om hierdie Fees te gedenk vind onondermeer in Lev. 23:23-25.

² Inligting oor die kalender wat ons gebruik is beskikbaar by hierdie skakel: [Die Skrif Kalender](#)

23 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

24 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus. Dit is ’n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (shofar), ’n afgesonderde byeenkoms.

25 Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan יהוה ’n offer, deur vuur.’”

Lev. 23:23-25

Die letterlike betekenis van *teruah* is om ‘n groot geraas te maak. Hierdie kan die geraas van ‘n trompet of shofar beteken, maar kan ook verwys na die geraas wat ‘n groot groep mense maak wat gesamentlik hardop uitroep! ‘n Voorbeeld hiervan is in Jos. 6:5.

Dit sal wees, as julle die geluid van die horing hoor wanneer hulle ’n lang klank op die ramshoring blaas (Tekiah), moet die hele volk hard uitskreeu van vreugde en die stadsmuur sal plat inval en die volk moet ingaan, elke man reg vorentoe.

Die werkwoord *ruah* verwys dikwels na die gesamentlike luidkeelse geroep van יהוה se volk.

Al die volke, klap julle hande! Skreeu (*ruah*) dit uit tot God met ’n klank van triomferende vreugde. Ps. 47:2.

Vir die musiekleier: ’n gedig met instrumentale musiek; ’n lied. Roep uit (*ruah*) tot eer van God, alle lande! Ps. 66:1.

Volgens יהוה se kalender vind die Fees van Shofar op die eerste dag van die sewende maand plaas, maar volgens die kalender van Rabbynse Judaïsme is hierdie die eerste dag van die eerste maand Tishri. Hiervolgens word *Yom Teruah* dus op die eerste dag van die nuwe jaar volgens Rabbynse Judaïsme gedenk en is daarom bekend as *Rosh HaShanah* wat *die kop van die jaar* beteken. Hierdie is egter teenstrydig met wat Torah ons leer, naamlik dat יהוה se kalender op die eerste dag van die eerste maand bekend as Nissan begin.

יהוה het met Moshe en Aharon in die land van Mitzrayim gepraat en gesê: “Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. Ex. 12:1-2.

Volgens Rabbynse Judaïsme se kalender is יהוה se sewende maand van die jaar dus die eerste maand van die nuwe jaar! Verwarrend?! Rabbynse Judaïsme regverdig hulself deur *Rosh HaShanah* te beskou as die geboortedag van die wêreld op grond van die eerste Hebreeuse woord in Gen. 1:1 wat lees *b’reshiyth* Indien hierdie woord omgedraai word lees dit *Aleph b’Tishri* wat *die eerste van Tishri* beteken. Op hierdie dag, so word geglo, het יהוה Sy skepping voltooi. Daar is egter geen Skriftuurlike bewys daarvoor nie, veral indien in aanmerking geneem word dat יהוה die maande van die jaar nie name gegee het nie, maar dit slegs numeries aangedui het.

Hierdie feit is duidelik volgens Levitikus 23 en Numeri 28:16-31. Dit was gedurende die Babiloniese ballingskap wat die wysgere van ouds die Babiloniese name vir die maande van die jaar begin gebruik het. Die Jerusalem Talmud bevestig dit: “The names of the months came up with them from Babylonia.” (Jerusalem Talmud, Rosh Hashanah 1:2 56d).

Ten spyte daarvan dat יהוה se Torah baie duidelik in Ex. 23:13 sê dat ander gode se name nie eers genoem mag word nie, het Judaïsme byvoorbeeld die vierde maand van hulle burgerlike kalender die afgodsnaam Tammuz gegee. In Esegïël lees ons die volgende aangaande wat יהוה vir die profeet aangaande Tammuz gewys het:

14 Toe het Hy my gebring na die noordelike ingang van die poort van die huis van יהוה en let op, vroue het daar gesit en huil vir Tammuz.

15 Hy sê vir my: “Het jy dit gesien, seun van ’n mens? Tog sal jy nog groter verwerplikhede sien as hierdie.” Eseg. 8:14-15.

Wat hier beskryf word is die aanbidding van die afgod Tammuz in die tempel. Volgens Babiloniese mitologie is Tammuz tydens ’n jagtog deur ’n wildevarc verskeur. Dit was dan jaarliks die gebruik om sy dood te beween met gepaardgaande tempelprostitusie. Na hierdie weentydperk het Tammuz, so was geglo, uit die dood opgestaan.

Sommige van die Babiloniese name vir die maande verskyn wel in die Tanakh, maar gaan dan altyd gepaard met die numeriese vir die betrokke maand, soos byvoorbeeld in Ester 3:7

In die eerste maand, dit is die maand Nisan, in die twaalfde jaar van koning Agashverosh, het hulle die lot voor Haman gewerp vir elke dag en vir elke maand. Toe op die twaalfde maand, dit is die maand Adar.

’n Verdere invloed wat die Babiloniese ballingskap gehad het, was op die viering van *Yom Teruah* as ’n nuwejaarsfees. Aangesien die Babiloniërs ook ’n maankalender gevolg het, en aangesien hulle nuwejaarsfees van *Akitu* (*Akitum – die oes van die gars*) op die eerste van die Babiloniese maand Tishri gedenk was, het dit die weg gebaan om *Yom Teruah* as ’n ‘Joodse Akitu’ te gedenk. Die feit dat die Torah nie ’n duidelike rede gee vir die viering van *Yom Teruah* nie, het dit makliker gemaak vir die Rabbies om van *Yom Teruah* na *Rosh HaShanah* om te skakel!

Dit is dus ’n geskiedkundige feit dat die ontstaan van *Rosh HaShanah* in Babilon was en dat dit ’n afgodsfees is wat ‘gejudaïeser’ is. Gedurende die vierde eeu voor dié Gesalfde Een, toe die Jode na Jerusalem teruggekeer het om die tweede tempel te bou, was die gebruike en betekenis van *Rosh HaShanah* reeds goed gevestig gewees. Babilon het nog vir vele jare die sentrum van Judaïsme gebly en dit was waar die Babiloniese Talmud ontstaan het.

Nehemia Gordon van die Torahgetroue Karaiete skryf die volgende:

It is outright bizarre to celebrate Yom Teruah as New Years. In contrast to Babylonian paganism, the Torah does not say or imply that Yom Teruah has anything to do with New Years. On the contrary, the Feast of Sukkot (Booths), which takes place exactly two weeks after Yom Teruah, is referred to in one verse as “the going out of the year” (Exodus 23:16). This would be like calling January 15 in the modern Western calendar “the going out of the year”. the Torah would not describe Sukkot in this manner if it intended Yom Teruah to be celebrated as a New Years (How Yom Teruah Became Rosh Hashanah en is beskikbaar by <http://www.nehemiaswall.com/yom-teruah-day-shouting-became-rosh-hashanah>).

Die meeste hedendaagse Jode ken hierdie Vasgestelde Tyd van יהוה as *Rosh HaShanah* en nie as *Yom Teruah* nie. Rabbynse Judaïsme glo dat God se oordeel op *Rosh Hashanah* die verloop van die nuwe jaar gaan bepaal. Daarom word hierdie dag gekenmerk deur beide vreugde en somberheid. Soos reeds genoem, word *Rosh HaShanah* beskou as die geboortedag van die wêreld. Op hierdie dag, so word geglo, het יהוה Sy skepping voltooi en daarom verander die jaartelling ook op hierdie dag.

Indien ons egter die afgode oorsprong van *Rosh HaShanah* beseef, en dit steeds gedenk, dan mis ons die doel en betekenis van *Yom Teruah*!

Slotsom: *Rosh HaShanah* is nie deel van יהוה se Vasgestelde Tye nie! Laat ons hou by die waarheid soos in Torah opgeteken is, want *Rosh HaShanah* is die bewys van hoe Rabbynse Judaïsme by Torah kan byvoeg en wegneem!

Soos die Christendom 'n heidenfees 'verchristelik' het en dit kersfees genoem het; net so het die Jode 'n heidenfees 'gejudaïseer' en dit *Rosh HaShanah* genoem.

Ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, My volk sodat julle nie deel kry aan haar sondes en nie van haar plaë ontvang nie, want die sondes in haar het opgestapel tot by die hemel en God het haar boosheid in herinnering geroep. Open. 18:4.

Gaan uit haar – uit die Christendom en uit Rabbynse Judaïsme – uit my volk!! Yeshua het gesê dat as ons in Sy Woord bly, is ons sy studentevolginge en dan sal die waarheid ons vrymaak!

³¹ *Yeshua sê vir die Jode wat in Hom vertrou het: “As julle voortdurend in My boodskap bly, dan is julle ware studentevolginge van My*
³² *en julle sal die waarheid ken en daardie waarheid sal julle vrymaak.” Joh. 8:31-32.*

Bepiens of Bespreek.

1. Ons het vir jare die geestelike leiers van die Christendom blindelings gevolg sonder om vrae te vra en self hulle leerstellings te ondersoek. Nou gebeur dieselfde met gelowiges wat Rabbynse Judaïsme blindelings volg! Die Engelse gesegde vir so iets is: *To jump out of the pan into the fire!* Onthou wat Paulus in 2Tim. 2:15 aan Timotheus geskryf het – ons moet יהוה se woord van die waarheid reg sny!!
2. Ten opsigte van Rabbynse Judaïsme openbaar sommige die gesindheid van: *I have made up my mind, don't confuse me with the facts!* En dan word daar ook dikwels gesê dat ons terwille van eenheid die huis van Juda moet volg. In die lig hiervan kan ons dan ook terwille van eenheid saam met die Christendom kersfees vier! Is dit wat Vader-God van ons verwag? Is eenheid sonder die absolute waarheid van Yeshua ware eenheid in יהוה?
3. Die boek van Gerrie Coetzee oor die Vasgestelde Tye van יהוה word aanbeveel. Om 'n kopie van hierdie boek (God van die Verbond en Feeste van die Verbond) te bekom kan Gerrie per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134. Die boek kan ook gratis afgelaai word by: <https://www.padwlewe.ch/assets/downloads/boeke/Feeste%20vd%20verbond.pdf>

Nie 'n Hart Om Te Verstaan Nie!!

In Deut. 29:2-4 spreek Mosheh profetiese woorde tot Yisra'el wat steeds vandag waar is van die oorgrote meerderheid wat bely dat hulle glo in die God van Avraham, Yitz'gak en Ya'acov. Daarom moet ons ernstig kennis neem van hierdie woorde van Mosheh en onself ondersoek of dit nie ook op ons van toepassing is nie!

² Mosheh het die hele Yisra'el geroep en vir hulle gesê: “Julle het alles gesien wat יהוה in die land van Mitzrayim voor julle oë aan Farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het,

³ die groot toetse wat jou oë gesien het, daardie groot tekens en wonders.

⁴ Tog, tot vandag toe, het יהוה julle nie 'n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie.

Ons lees in hierdie gedeelte hoe Mosheh weeklaag oor die feit dat Yisra'el steeds nie die begrip, wil en emosie (die hart) het om יהוה se liefde en goedertierenheid te verstaan nie, asook nie die oë het om dit te sien of die ore om dit te hoor nie. Met hierdie woorde het Mosheh nie net na die verlede verwys nie, maar ook profeties gespreek wat in die toekoms met Yisra'el sal gebeur.

So het dit dan gebeur dat Yisra'el nie die begrip, wil en emosie gehad het om יהוה se liefde soos dit in Yeshua openbaar word te verstaan nie. Die meerderheid van Yisra'el was met Yeshua se eerste koms geestelik blind en doof en het Hom daarom as dié Gesalfde van God verwerp! En dit ten spyte daarvan dat Mosheh reeds vir Yisra'el gesê het dat יהוה 'n profeet soos hy uit hulle midde sal verwek na wie hulle moet luister.

¹⁸ Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel.

¹⁹ Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie, Deut. 18:18-19.

Ons weet hierdie profeet is Yeshua, dié Gesalfde Een, en daarom het Yeshua gesê:

Ek kan niks uit My eie wil doen nie. Volgens wat Ek gehoor het, beoordeel Ek en My oordeel is regverdig omdat Ek nie My wil begeer nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. Joh. 5:30

En tog het Yisra'el nie die hart gehad om te verstaan of die ore om te hoor en die oë om Yeshua as dié Gesalfde Een te herken nie. Dit ten spyte daarvan dat hulle skrifgeleerdes die Skrifte van die Tanakh (ou verbond) voortdurend ondersoek het. Daarom het Yeshua vir hulle gesê:

³⁹ Ondersoek die Skrifte, want in hulle het julle 'n versekerde verwagting dat julle die ewige lewe het en hulle getuig van My,

⁴⁰ tog wil julle nie na My toe kom om die ewige lewe te kry nie. Joh. 5:39-40

Yeshua het ook vir hulle gesê:

⁴⁵ Dink julle dat Ek julle by die Vader aankla? Daar is een wat julle aankla, Mosheh op wie julle 'n versekerde verwagting het,

⁴⁶ want as julle Mosheh geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskryf.

⁴⁷ Aangesien julle nie glo wat hy geskryf het nie, hoe gaan julle glo wat Ek sê?" Joh. 5:45 tot 47.

Met die woorde *want hy het van my geskryf* het Yeshua verwys na ondermeer die volgende Skrifgedeeltes:

Die staf sal van Y'udah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees. Gen. 49:10.

Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Yisra'el op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsgugtes omver. Num. 24:17.

Yisra'el in die dae van Mosheh, asook Yisra'el in die dae van Yeshua se eerste koms, het 'n 'hartprobleem' gehad. Weens hulle hardheid van hart het die meerderheid van Yisra'el Yeshua verwerp!

Maar Mosheh se woorde is egter steeds vandag op die grootste deel van die Jodedom van toepassing, naamlik: *Tog, tot vandag toe, het יהוה julle nie 'n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie* (Deut 29:4). Weens hulle hardheid van hart verwerp die meerderheid van die Jode steeds Yeshua as die profeet waarvan Mosheh gespreek het!

In die dae van Mosheh en tot met die koms van Yeshua het Yisra'el dikwels weens hardheid van hart nie geluister na die woorde van Mosheh nie, naamlik יהוה se Torah. Die gevolg was dat hulle ontberinge van broedertwis, van ballingskap, van vervolging ondervind het en selfs uitwissing in die gesig gestaar het. Dit was יהוה se oordeel weens Yisra'el se ongehoorsaamheid!

In die dae van Yeshua, en tot die hede is die fisiese Yisra'el, naamlik die Jodedom se hardheid van hart die rede dat hulle nie na die woorde van Yeshua – die Lewende Torah – wil luister nie. Die gevolg is dat die Jode deur die eeue tot vandag onder יהוה se oordeel leef, want יהוה het deur die mond van Mosheh gesê: Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy (Yeshua) in My Naam praat nie (Deut. 18:19).

Yisra'el van ouds, asook die vreemdeling wat by hulle aangesluit het, moes na die stem (woorde) van יהוה luister, naamlik die Torah van Mosheh nougeset gehoorsaam. 'n Minderheidsgroep van hedendaagse Jode, naamlik die volgelinge van Rabbynse Judaïsme, volg steeds die Torah van Mosheh, maar verwerp Yeshua as dié Gesalfde van God.

Terwyl die meerderheid van die Christendom Yeshua as dié Geslufde Een aanvaar, maar die Torah van יהוה soos dit in Yeshua vervolmaak is verwerp!

Beide Rabbynse Judaïsme en die Christendom het daarom 'n 'hartoorplanting' nodig soos wat Yegez'el geprofeteer het:

19 En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee,
20 sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. Eseg. 11:19-20.

Sonder 'n nuwe hart kan ons nie gehoorsaam wees aan die woorde van Yeshua nie, want 'n hart van klip kan nie besny word nie. Daarom het Yeshua gekom sodat die hart van klip uit elkeen verwyder kan word en met 'n hart van vlees vervang word wat besny kan word. Dit is ook waarna die profeet Yirmeyahu verwys het:

31 Let op, daar kom dae,” verklaar יהוה, “wanneer Ek met die huis van Yisra'el en die huis van Y'udah 'n nuwe verbond sal sluit,
32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit die land van Mitzrayim uit te bring nie; My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék Meester oor hulle was,” verklaar יהוה.
33 Hierdie is egter die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Yisra'el sal sluit,” verklaar יהוה: “Ek sal My wet binne-in hulle sit en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees.

³⁴ Hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: ‘Ken יהוה,’ want hulle sal My almal ken, van die kleinste tot die grootste van hulle,” verklaar יהוה, “want Ek sal hulle oortredinge vergewe en hulle sondes nie meer onthou nie.” Jer. 31:31-34

Onder die nuwe verbond het יהוה vir ons ‘n hart gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te hoor. יהוה se wet is nou in ons verstand gegee en op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:8 tot 12). Ons het ook die Afgesonderde Gees ontvang sodat ons voortdurend geleer en herinner kan word aan alles wat Yeshua gespreek het. Yeshua ons Meester het dit alles moontlik gemaak!

Die werking van die Afgesonderde Gees is as te ware tweeledig. Nie alleen word ons gees deur vertrouwe in die versoeningswerk van Yeshua wedergebore nie, maar word die Afgesonderde Gees ook as ‘permanente inwoner’ in ons binneste gegee om die krag tot gehoorsaamheid aan die woorde van Yeshua te wees. Die Gees van יהוה besny ons harte om יהוה te kan liefhê met ons hele hart en siel sodat ons kan lewe.

Meer nog, יהוה, jou God, sal jou verstand, wil en emosie besny en die verstand, wil en emosie van jou nageslag, om יהוה, jou God, lief te hê met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees sodat jy kan lewe. Deut. 30:6.

Vertrouwe in Yeshua se versoeningswerk aan die folterpaal het die besnydenis van ons harte moontlik gemaak. Diegene wat Yeshua verwerp as die Lam van God word herinner aan Yirmeyahu se waarskuwing:

Besny julleself tot יהוה en verwyder die onbesnedenheid van julle verstand, wil en emosie, manne van Y’hudah en inwoners van Yerushalayim, of anders sal My toorn soos ’n vuur uitgaan en brand met niemand om dit te blus nie, as gevolg van die boosheid van julle dade. Jer. 4:4.

Laat ons ook nie die woorde van Mosheh vergeet nie toe hy aan die volk gesê het:

⁴⁷ Omdat jy יהוה, jou God, nie met vreugde en oorweldigende blydschap van verstand, wil en emosie gedien het, vir die oorvloed van alles nie,
⁴⁸ sal jy daarom jou vyand, wat יהוה teen jou sal stuur, dien in honger, in dors, in naaktheid en in gebrek aan alles en hy sal ’n yster juk op jou nek sit totdat hy jou vernietig het. Deut. 28:47 en 48.

Yeshua het gekom sodat ons lewe in oorvloed kan hê (Joh. 10:10b). Ons Meester is die rede hoekom ons יהוה *met vreugde en oorweldigende blydschap van verstand, wil en emosie moet dien*.

Dit is ook belangrik dat gehoorsaamheid aan Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, altyd weens liefde vir יהוה en vir medemens moet wees en dat dit altyd ‘n vreugde moet wees. Die onverdiende guns van vergifnis van oortreding van Torah moet altyd ons vreugde van Torahgehoorsaamheid wees.

Deur vertrouwe in Yeshua het Vader-God ons ’n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, en oë om te sien, en ore om te hoor!

Bepeins of Bespreek

1. Na wie se stem luister jy? Na die Rabbies van Rabbynse Judaïsme of na Rabbi Yeshua? Ons moet die God van Avraham, Yitz’gak en Ya’acov dien en **nie** die god van ons

Rabbynse voorvaders nie. Dit is aan ons geestelike voorvaders, naamlik aan Avraham, Yitz'gak en Ya'acov, wat die evangelie verkondig is en dit is hulle wat dit geglo het. Verwys Gal. 3:7-9.

2. Die Skrifte verklaar dat beide gelowige Jood en nie-Jood (heiden) wat Yeshua as dié Gesalfde Een aanvaar het as versoening met God, die saad van Avraham is (Gal. 3:29) – die ware Yisra'el. Op grond hiervan is gelowiges in Yeshua kinders van יהוה deur onverdiende guns en kinders van Avraham deur vertrou. Maar nou moet ons die vraag vra: Indien ons Hebreuse wortels by ons voorvader Avraham begin, waar eindig dit? Ons is eenstemmig dat Avraham, Yitz'gak en Ya'acov ons voorvaders is. Maar wie almal van Ya'acov se nageslag, en spesifiek van die van die stam van Y'udah, is ons voorvaders? Anders gestel: Is die wysgere van Rabbynse Judaïsme ook ons voorvaders? Ons kan hierdie vraag slegs beantwoord indien ons meer duidelikheid het oor wat Rabbynse Judaïsme is. 'n Studie in die verband is beskikbaar by hierdie skakel: [RabbynseJudaïsmeReeks](#)

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.